# Kareeberg Munisipaliteit

## 29/2023 KWOTASIES: VOORSIENING VAN MATERIALE 2023/2024

Skriftelike, getekende kwotasies word hiermee ingewag vir die voorsiening van die volgende items vir 'n tydperk van twaalf (12) maande gereken van 1 Julie 2023.

29/1 Analise van water (geakkrediteerde diensverskaffers)
29/2 Sodium hypercloride
29/3 Voorsiening wildspille
29/4 Voorsiening doodskiste
29/5 Voorsiening afrondpille
29/6 Voorsiening lusern
29/7 Voorsiening en aflewering van ± 3500 sakke hout Carnarvon (50 kg)
29/8 Voorsiening en aflewering van ± 2000 sakke hout Vanwyksvlei (50 kg)
29/9 Voorsiening en aflewering van ± 5500 sakke hout Vosburg (50 kg)
29/10 Huishoudelike aankope (lys beskikbaar: verversings en skoonmaakmiddels)
29/11 Plasing van advertensies

Kwoteerders moet waar moontlik die gewig per item, sowel as prys per item aandui. Moet ook aandui of aflewering by prys ingesluit is of nie. Aankope sal gedoen word soos benodig word.

**Die bewys van registrasie by die Sentrale Verskaffer Databasis moet aangeheg wees asook u SARS-pin nommer. Kwotasies sal verwerp word indien die voorgeskrewe verklaring van belange vorm (MBD 4) nie aangeheg is nie. Die ingevulde vorms MDB 6.1, MBD 8 en MBD 9 moet ook aangeheg wees met bewyse dat geen gelde aan 'n munisipaliteit verskuldig is nie, ten opsigte van dienste en eiendomsbelasting. In geval van 'n maatskappy moet die direkteure se rekenings aangeheg word. Die 80/20 puntestelsel is van toepassing.**

Verseëlde kwotasies gemerk "**KWOTASIES: MATERIALE**" moet die ondergetekende voor of op Vrydag, 21 Julie 2023 om 12:00 bereik, waarna dit in die openbaar oopgemaak sal word.

Die Munisipaliteit verbind hom nie om die laagste of enige kwotasie te aanvaar nie, en behou die reg voor om enige kwotasie as geheel of gedeeltelik te aanvaar.

**MNR. T MONGWE**
**WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER**

Posbus 10
Carnarvon
8925

Tel. 053-3823012

Kennisgewingbord, 27 Junie 2023
Noordwester, 30 Junie 2023
Webtuiste: www.kareeberg.co.za